# Eenheid 7 Verstaan en neem ander se emosies in ag

**Sleutelwoorde**

**gesigsuitdrukkings:** die kyk op iemand se gesig wat aantoon wat hulle dink of voel

**liggaamstaal:** die manier waarop mense hulle liggame gebruik om 'n boodskap te stuur

**Uitbreiding**

Jy kan die boek *Percy gets Upset* deur Stuart J Murphy lees.

Mense voel almal verskillend op verskillende tye. Jy moet eers jou eie emosies identifiseer en verstaan voordat jy die emosies van ander mense rondom jou kan verstaan.

Empatie is om in staat te wees om ander mense se emosies te verstaan. Jy kan uit 'n persoon se gesigsuitdrukkings en liggaamstaal sê of hulle gelukkig, hartseer, bang, kwaad, gespanne of opgewonde is.

Probeer altyd om jou in iemand anders se skoene te plaas. Dit beteken om na dinge vanuit hulle oogpunt te kyk. Respekteer ander mense se emosies.



*Kan jy die gesigte pas by die emosies wat hulle voel?*

## Aktiwiteit 7.1 Verstaan ander mense se emosies

25 minute

1. a) Wat is empatie?
   b) Waarom is dit belangrik om deernis teenoor ander mense te wys?
2. Dink aan 'n tyd toe jy iemand se gevoelens seergemaak het.
   a) Beskryf wat gebeur het.
   b) Hoe het jy oor die situasie gevoel?
   c) Wat het jy gedoen om die situasie te verbeter?
3. Hoe sou jou skool verander indien al die leerders empatie teenoor mekaar getoon het?
4. **Gevallestudie**

   Paul is in Graad 4. Hy is dikwels kwaad, skree op ander leerders en wil nie met hulle speel nie. Op 'n dag was Paul nie by die skool nie. Sy onderwyser, mev. Xaba het die klas vertel dat Paul se ma baie siek was. Mev. Xaba het verduidelik dat Paul baie bang en kwaad oor sy ma se siekte was. Sy het die klas gevra om empatie teenoor Paul te toon.

   a) Hoe sou jy oor Paul voel as hy in die klas op jou geskree het?
   b) Hoe sou jy empatie teenoor Paul toon?